

Globalisering getroef?

As Donald Trump se verklaarde ekonomiese beleidsvoorkeure op sigwaarde aanvaar word, kom dit voor asof sy verkiesing as die president van die VSA beduidende implikasies vir besighede en huishoudings regoor die wêreld inhou.

Die VSA het talle wigte en teenwigte in sy wetgewende stelsel en baanbrekende veranderinge aan wetgewing neem gewoonlik baie lank om te implementeer. Voorts kan daar verdeling ten opsigte van ekonomiese beleid binne die Republikeinse Party bestaan. Ten spyte daarvan moet ons nie die feit dat die Republikeine 'n meerderheid in albei Kamers van Kongres behaal het, uit die oog verloor nie. Dit behoort die deurvoer van wetgewing makliker te maak.

Tussen sy talle voorstelle deur staan dié met betrekking tot die VSA se regeeringsfinansies en die VSA se handelsbeleid uit as dié wat moontlik die grootste impak sal hê – nie slegs in die VSA nie, maar regoor die wêreld.

Eerstens, rakende die VSA se fiskale beleid verkies Trump fiskale uitbreiding deur veral belastingverlagings (besighede ingesluit), wat 'n groter begrotingstekort en 'n hoër skuldvlak tot gevolg sal hê. Daar sal waarskynlik ook meer op infrastruktuur bestee word, alhoewel uitgawes elders beperk word. As alle ander faktore gelyk is, sal kommoditeitspryse en derhalwe die geldeenhede en aankoopkrag van kommoditeitsvervaardigers, Suid-Afrika ingesluit, hierby baatvind.

Die probleem is egter dat 'n groter Amerikaanse fiskale tekort, teen die agtergrond van 'n werkloosheidskoers naby aan 'n geskiedkundige laagtepunt en 'n billike herstel in kredietverlening in reële terme, waarskynlik die VSA se Federale Reserwebank na 'n meer aggressiewe standpunt sal laat oorgaan. Dit kan tot 'n meer aggressiewe rentekoersverhogingsiklus in die VSA lei as wat voorheen verwag is, en dit kan die Amerikaanse \$ ondersteun, terwyl dit afwaartse druk op geldeenhede en opwaartse druk op rentekoerse in lande met ontluikende markte (OM) plaas, veral die wat tans makro-ekonomiese wanbelanse ervaar (Suid-Afrika ingesluit), .

Toegegee – dit is moeilik om die netto effek van hierdie teenstellende ontwikkelinge te ontken.

Tweedens, uit 'n langer termyn, 'strukturele' perspektief, is die nuwe president se standpunt oor handel van sleutelbelang. In wese kom dit voor asof die era van globalisering, deur vryer handel en minder beperkte beweging van mense, aansienlike momentum sal verloor. Dit kan selfs omgekeer word.

'n Mens vrees dat dit verreikende gevolge kan hê. Geen spesifieke aksieplanne het nog na vore getree nie, maar 'n mens vermoed dat daar moontlik van die Transpasifiese Vennootskap of TTP ('n handelsooreenkoms tussen 'n aantal lande uit die Pasifiese Kom en die Verenigde State) afgesien kan word. Onttrekking uit die voorgestelde Transatlantiese Handels- en Beleggingsvennootskap (TIPP) tussen die VSA en die Europese Unie, kan ook oorweeg word. Die Noord-Amerikaanse Vryhandelsooreenkoms (NAFTA) tussen die VSA, Kanada en Mexiko kan dalk ook deur die nuwe administrasie hersien word.

Niks hiervan verhinder die VSA om bilaterale handelsooreenkomste aan te gaan nie. Ook is die spesifieke aksies en die besonderhede van moontlike veranderinge aan hierdie handelsooreenkomste nie voorspelbaar nie. Maar oor die algemeen kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die netto resultaat waarskynlik die inkorting, of selfs onttrekking van die VSA se betrokkenheid by die strewing na vryer handel, sal wees.

Sodanige uitkoms sal nie 'n unieke beleidstandpunt namens die VSA weerspieël nie. Wêreldwye handelsliberalisering het inderdaad reeds beduidende momentum oor die afgelope paar jaar verloor, gegewe die druk wat deur werksverliese in spesifieke lande en bedrywe veroorsaak is, en afwaartse druk op reële lone. Hierdie ongewenste ekonomiese uitkomst word dikwels as 'n direkte gevolg van die verwydering van handelsversperrings beskou.

Ten minste 'n gedeelte van die blaam moet aan die onvoldoende sosiale veiligheidsnetten en heropleidingsprogramme wat tot die beskikking van die geraakte werkers was, toegedeel word. Maar antihandelsentiment bou in elk geval vinnig momentum op. Die waarskynlike impak van hierdie antiglobaliseringstendens, ook in die VSA, is ietwat duideliker as dié van die VSA se fiskale uitbreiding. Uiteindelik, tot die mate waartoe 'n mens glo dat globalisering mededinging bevorder, die grondslag van produktiwiteitsgroeï vorm en inflasie beperk, sal die vertraging (of selfs die afwen) van vrye handel waarskynlik die teenoorgestelde effek regoor die wêreld se ekonomieë hê. Uiteindelik het 'n mens 'n relatief swakke kompromis tussen reële BBP-groeï en inflasie as wat die geval sou wees.

Ten laaste is daar die vraag na die vrye beweging van mense, met 'n Trump-administrasie wat waarskynlik groter beheer oor immigrasie sal instel. Die gevolge hiervan is lang termyn van aard, aangesien groeï 'n funksie van demografie en produktiwiteitsgroeï is. Met verloop van tyd sal 'n anti-immigrasiestandpunt die VSA se arbeidsmaggroeï en algehele BBP-groeï inperk, aangesien dit nie maklik is om groeï deur konstante produktiwiteitswinste vol te hou nie – veral as een van die boublokke van produktiwiteitsgroeï, naamlik handelsliberalisering, ingeperk word!

Ongelukkig, buiten 'n moontlike hupstoot vir kommoditeitspryse as die VSA se infrastruktuurbesteding verhoog word, en weer eens as alle ander faktore gelyk is, is dit moeilik om enige ooglopende goeie nuus vir ontluikende markeconomieë, Suid-Afrika ingesluit, in enige hiervan te vind.

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekonoom, Sanlam Beleggingsbestuur